## 15 November Jona 1

### *God doen wat Hy wil*

Gun jy God se genade vir jou medemens? Wanneer die Here vir Jona stuur om Ninevé te gaan waarsku teen sy komende oordeel, wil hy eerder sien dat die oordeel aanbreek sonder waarskuwing. Hierdie mense was Israel se vyande. Daarom wil Jona eerder die profeet van straf wees as die profeet van geduld. As God anders besluit, vlug hy eerder as om te doen waarvoor hy geroep is. Hy vergeet dat die Here met Abraham, 'n heiden, 'n verbond gesluit het sodat ook hy wat Jona is God se kind mag wees. Maar die Here sien nie van sy plan af nie. Jona sal moet leer om te doen wat Hy beveel. Nóg belangriker - hy moet aan Ninevé gun wat hy self ontvang het. Daarom praat die Here in die seestorm met sy profeet. Die matrose op die skip bely dit wat Jona reeds weet maar ook openlik moet erken: Die Here doen wat Hy wil. Wat God openbaar is sy vrymag om op te tree soos Hy goeddink. Hy voer sy raadsplan uit volgens sy besluite. So het Hy ook besluit om sy Seun as offer te gee vir jou en my sondes. Ook ons was sondaars wat sy genade nie verdien nie. Ons is uit genade gered en moet hierdie genade ook vir ander gun. Ons moet getuig van die redding vir elkeen wat in Christus glo. Om moet bid vir die bekering van ongelowiges. Want God wil dat alle mense gered word. Om dit te bereik moet ons die Here se dienaars wees en nie sy teenstanders nie.

Sing: Psalm 25:2 Ds. J.J. Viljoen (Orkney/Stilfontein)